Beleide (opgesomde uittreksels)

Sosiale Media

Onthou dat wat jy op sosiale media plaas, permanent is. Leerders en ouers het die verantwoordelikheid om geen neerhalende of aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of leerders te publiseer of versprei nie, en om geen ander media te versprei wat die skool se naam mag skaad nie. ’n Oortreder kan daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, wat tot dissiplinêre optrede of regsaksie vir laster kan lei.

Sosiale media mag nie gebruik word om klagtes of probleme met die skool te bespreek nie. Gebruik die skool se amptelike kommunikasiekanale.

Selfone en Slimhorlosies

Die skool beveel aan dat leerders nie sulke toestelle skool toe bring nie. Benewens veiligheidsrisiko’s (vir beide die kind en vir ander, met betrekking tot diefstal en inligting wat op sulke toestelle gestoor kan word), kan sulke toestelle gebruik word om te kommunikeer of om inligting te deel tydens toetse of eksamens. Om hierdie rede, word alle sulke toestelle – ingesluit enige elektroniese toestel wat vir kommunikasie of die stoor van inligting gebruik kan word – streng verbied in toets- of eksamenlokale.

Die skool sal geen verantwoordelikheid vir diefstal of verlies van ’n toestel wat ’n leerder skool toe bring aanvaar nie – ongeag die omstandighede. Indien dit vir ’n leerder noodsaaklik is om sy/haar toestel skool toe te bring, moet dit aan die begin van die skooldag afgeskakel word. (Geen boodskappe ens. mag ontvang of gestuur word nie.)

Sportondersteuning

Ondersteun op ’n positiewe manier. Ouers en ondersteuners word versoek om nie enige vorm van negatiewe opmerking te maak teenoor beamptes, spelers of ondersteuners van enige span nie.

Handhaaf die voorgeskrewe afstand van die kantlyne en bly buite die tegniese areas.